
AFRIKAANS
flink
April 2019
Musiek soos Grond
is sewe stemme met een hart
kreatief
saamgestel
deur die
fak

uhm...

fak

# JOU TYD RAAK MIN

om deel te neem aan die
Internasionale Afrikaans-Ekspo

| 01 | 28 |
|---|---|
| MAAND | DAE |

**Vir meer inligting besoek www.ekspo.fak.org.za**

#groei

DAGBOEKINSKRYWING | RESENSIE | OPSTEL | KORTVERHAAL | POËSIE | FOTOGRAFIE | SKILDERKUNS

flink AFRIKAANS

# inhoud


4 Gee my tog krag!
5 Legende: Jan Pohl
6 Erfenis – Wie se verantwoordelikheid?
8 Op ons voorblad: Musiek soos Grond
11 As die voëls begin trek ...
12 Skolekoerant-slypskool
14 Vroue in die nuuskantoor
16 Boeremusiek
18 FAK 90 Jaar: Volksfeeste
21 Vriende vir Afrikaans
22 Skemerson
23 Rolprentverlede
23 Boekeresensie: The rise & demise of the Afrikaners
25 CD-resensie: Oesjaar - Jannie du Toit
26 Smulpaap
27 Resep: Vanieljekolwyntjies
Kultuurkalender


# op ons voorblad

Musiek soos Grond

Betekenisvolle lirieke omskryf dié nuwe musiekbeweging



# Redakteursbrief

Musiek soos Grond, 'n splinternuwe musiekbeweging, het my hart baie diep geraak.

Dis min dat jy sewe musikante raakloop, wat met dieselfde hart saam musiek wil maak, maar dis ook presies wat Joshua na die Reën saam met ses van sy vriende reggekry het. Hulle sing met een hart saam. Lees meer in dié uitgawe waar hulle aan dié idee gekom het en waar hulle binnekort gaan optree. Dit gaan beslis iets besonders wees om te ervaar.

Dan het ons nuwe medewerker, Tanya de Venter-Bijker, die baanbrekers van vrouejoernalistiek gaan naspoor. Die storie van M.E.R. en Rykie van Reenen is aangrypend en het hulle hegte vriendskap nog meer die weg vir vrouejoernaliste vandag gebaan.



Die FAK het ook in dié voetspore gevolg en sy heel eerste skolekoerantslypskool aangebied. Dit was wonderlik om die honger in die kinders, wat meer oor dié beroep wou uitvind, te aanskou. Ná die tyd is daar gesê dat hulle nie net baie geleer het nie, maar ook meer oor beroepe, waaronder ook fotojoernalistiek, uitgevind het.

Lees meer oor die akteur Pietie Beyers se nuwe rolprent, *Skemerson*, oor wie se verantwoordelik erfenisbewaring is in prof. Anton van Vollenhoven se dink-artikel en prof. Herman Giliomee se nuwe boek, *The rise & demise of the Afrikaners*. Op 'n ligter trant lees Daantjie Badenhorst se resensie oor Jannie du Toit se jongste CD, *Oesjaar*, en ook sy samewerkingskonsert met Leon Gropp in Smulpaap.

Lekker lees.

Seugnet van Zyl


**flink 'n e-pos**

Inhoud seugnet@fak.org.za
Advertensies johan@fak.org.za



tuiste. trots. toekoms.

Die FAK is 'n toekomsgerigte kultuurorganisasie wat 'n tuiste vir die Afrikaanse taal en kultuur bied en ons trotse Afrikanergeskiedenis positief bevorder.

Kontak ons: 012 301 1777 | fak@fak.org.za | www.fak.org.za




# Gee my tog krag!

Bakens van krag is volop in ons alledaagse lewe. Nou praat ek nie van kragtige megakerke of inkopiesentrums met hul koopkrag nie, maar van die doodgewone kragpale, kragstasies en koeltorings wat die land vol geplant is. Maar dié bakens is deesdae maar bra kragteloos ...

Krag in sy vele vorme ontwyk ons deesdae al te dikwels. Die krag om op te staan soggens vandat die nuwe brandstof- en elektrisiteitspryse van krag is, selfs Eskom-krag om die ketel mee aan te skakel vir 'n vertroostende koppie koffie.

Hoe moet ons van krag tot krag gaan sonder daardie koffie-skop? Die meeste van ons bewys ons veerkragtigheid en suiwer wilskrag deur die gasstofie uit die pakkamer op te diep en af te stof vir daardie diepbevredigende boeretroos, maar die ekstra mannekrag wat dít verg, maak ons maar moedeloos.

“Eskom” kwalifiseer deesdae as 'n kragwoord, 'n vloekwoord, en die grappies oor die stand van krag-sake in ons land is legio. Ek lees onlangs dat dit eintlik goed gaan met ons land, want hoewel die prys van brandstof en brood op gaan, gaan die krag darem af. Eweneens giggel mense vir die grappie wat vra wat Suid-Afrikaners voor kerse gebruik het: elektrisiteit! 'n Vrystaatse gesegde lui dat dit nie help om vroeg bed toe te gaan en kerse te spaar as die gevolg 'n tweeling is nie.


Ons humorsin is waarskynlik ons behoud. Volgens die Amerikaanse digter en Pulitzerpryswenner Mark van Doren is geestigheid, oftewel oorspronklikheid en humor, die enigste muur tussen ons en die donker. Francis Bacon, Engelse filosoof en staatsman, stem met Van Doren saam wanneer hy sê dat die monumente van geestigheid die monumente van mag oorleef.

Nog 'n gesegde sê die Here gee krag na kruis: God voorsien na jou omstandighede. Dis iets om te onthou in ons strewe na vooruitgang, geluk, geregtigheid – na krag! George Eliot, die Engelse romanskrywer, het gesê geregtigheid is soos die koninkryk van God: dit bestaan nie buite ons as 'n feit nie, maar binne-in ons as 'n groot verlange. Daarom moet ons steeds elke dag ons kragte inspan, kragte saamsnoer en kragdadig optree in elke kragmeting waarvoor ons te staan kom.

Dis nie maklik wanneer jy nie eers van 'n brandende lig in jou badkamer verseker is nie, wat nog te sê aan die einde van die tonnel. Maar juis nou moet ons ou kragte uithaal en die bakens versit namate ons omstandighede verander.

Kom ons steek ons kerse en lampe aan in hierdie tyd van onsekere krag en lewer 'n kragtoer soos min om ons talente en vaardighede ten toon te stel. Ons voeg ons lampe by dié van die geskiedenis, wat in die woorde van Winston Churchill met sy flikkerende lamp langs die spoor van die verlede strompel in 'n poging om sy tonele te rekonstrueer, om sy eggo's te herleef, en om met dowwe glans die passie van vroeër dae aan te steek.

**Petronel Fourie**



# Jan Pohl

## – pionier van ligte Afrikaanse musiek

Dit gebeur selde dat drie lede van dieselfde gesin bekendheid verwerf, maar in die eerste helfte van die 20ste eeu was daar 'n broer en twee susters wat deel van die vermaaklikheidsbedryf was en op verskillende maniere 'n indruk gemaak het.

Truida Louw was die eerste vroulike rolprentregisseur in Suid-Afrika, en sy was getroud met die digter NP van Wyk Louw. Prof. Anna Neethling-Pohl was veral bekend as 'n aktrise, en sy was verbonde aan die dramadepartement van die Universiteit van Pretoria. Hul broer, Jan Pohl, was een van die pioniers van ligte Afrikaanse musiek, en sy komposisies het, veral in die 1940's en 1950's, groot byval gevind.

Jan Luyt Pohl is op 6 April 1917 in Graaff-Reinet gebore, en sy tweede naam was sy ma se nooiensvan. Sy ma is egter tydens die griep-epidemie van 1918 oorlede en hy het sy kinderjare by 'n tannie deurgebring. Op dertienjarige ouderdom is hy Kaapstad toe gestuur vir verdere skoolopleiding; hier het hy geleer om die kitaar en die ukulele te bespeel. Daar word vertel dat Jan sy treffer “Sawends”, een van die min Afrikaanse liedjies met 'n jazzklank, geskryf het toe hy net sewentien jaar oud was. Nadat hy gematrikuleer het, het hy hom eers as onderwyser bekwaam en daarna het hy 'n jaar lank aan 'n kunsskool in Kaapstad gestudeer. Hy het in 1939 na Pretoria verhuis en 'n aktiewe lid van die nasionalistiese Afrikanerorganisasie, die Ossewa-Brandwag geword. Hy het by prof. Anna Neethling-Pohl gewoon en in aanraking gekom met Pretoria se kunskringe.

In die vroeë 1940's het Jan ongeveer veertig nuwe liedjies geskryf, en hierdie liedjies is vir die eerste keer oor die radio deur die orkeste van onder meer Hendrik Susan en Arnout Malherbe uitgevoer. Een van sy bekendste komposisies in hierdie tyd was “Die mannetjie”. Jan se pa, Pieter, het by die Kantoor van die Groot Seël, wat amper as 'n aktekantoor beskou kon word, gewerk. Op 'n dag het 'n boer die aankoop van 'n nuwe plaas geregistreer. Die boer het twaalf name gehad en al dié name moes telkens op die dokumente herhaal word. Hy en prof. Anna Neethling-Pohl was lede van 'n revuegroep, Die katdorings, waarvoor Jan die musiek geskryf het. Sommige van hul liedjies het uittartende lirieke gehad, en die veiligheidspolisie was gereeld by hul optredes te sien.

Jan se musiek is in verskeie rolprente gebruik; die eerste daarvan was *Kom saam vanaand*, die eerste Afrikaanse musiekrolprent waarin Al Debbo en Pierre de Wet onder meer te sien was. Een van Al Debbo en Frederik Burgers se rolprente waarvoor Jan die musiek geskryf het, was *Altyd in my drome*, wat 'n paar jaar gelede in 'n musiekblyspel vir die verhoog omskep is. Onder die trefferliedjies uit dié rolprent was “Bosfontein se bus”, “Waar is jy?”, asook die temaliedjie. In 1957 is nog 'n trefferrolprent van Al Debbo en Frederik Burgers, *Dis lekker om te lewe*, uitgereik. Daar is ook 'n storie agter die temaliedjie van hierdie rolprent, wat in die Weermag afgespeel het, wat deur prof. Anna Neethling-Pohl vertel is. Blykbaar het hul pa, Pieter, met elke Sondagete op die tafel geslaan en gevra: “Is dit lekker om te lewe?” Toe het hulle geantwoord: “Ja, dis lekker om te lewe.” In 1959 is die eerste Afrikaanse rolprent wat in kleur verfilm is, *Nooi van my hart*, vrygestel. Jan het die musiek daarvoor gekomponeer en veral die temaliedjie en “By die ou slaweboom” het treffers geword. Een van die hoogtepunte van dié rolprent was die skreeusnaakse optrede van Die Drie Petersen-broers. Jan het vier operettes geskryf, naamlik *Heksekinders, Nooi van Vleifontein, Skemermelodie* en *Rowerkaptein*; laasgenoemde drie is onder leiding van Con Lamprecht oor die radio uitgesaai.

In 1948 het Jan 'n radio-omroeper by die SAUK geword en vermaaklikheidsprogramme soos Bog met *Blou Maandag* en *Sommer vir die pret* aangebied. Hy het ook die karakter Piet Skaapkop vir sy koffiehuiskonserte geskep. Hy het ook die rol van Willem in Fanus Rautenbach se radiovervolgverhaal *Staal Burger* vertolk. In 1956 het Jan 'n kopieskrywer en handelskunstenaar vir 'n reklamemaatskappy geword, waar hy tot met sy aftrede in 1983 gebly het. Nadat sy eerste vrou, Elise, oorlede is, was hy getroud met Johanna Boshoff, 'n kleindogter van dr. HF Verwoerd. Die Afrikaanse sanger en liedjieskrywer Louis van Rensburg het van Jan se twee bekendste komposisies, “Sawends” en “Die mannetjie”, melding gemaak in sy liedjie “Afrikaanse liedjies”, terwyl Pieter Smith laasgenoemde liedjie by sy vertoning *Die storie van Afrikaanse musiek* ingesluit het.

Jan is op 23 Julie 1997 in die ouderdom van tagtig jaar aan harten longversaking oorlede.

**Daantjie Dinamiet**

# Erfenis – Wie se verantwoordelikheid?

Deur Prof. Anton C van Vollenhoven



Foto: Riana Mulder

Voortrekkermonument

Word 'n
FAK-VRIEND
klik hier

Die oorgrote meerderheid van ons Afrikaners kom uit 'n verlede waar die bewaring van ons erfenis amper outomaties gebeur het. Die regering het museums en monumente opgerig, geopen en in stand gehou en dikwels was dit nie eens nodig dat ons toegangsgelde moes betaal om dit te besigtig nie. Sedert die sestigerjare van die vorige eeu het daar feitlik op elke klein dorpie in die land 'n museum ontstaan.

Die gevolg hiervan was dat ons in 'n gemaksone verval het – een waarin ons nie noodwendig moeite hoef te doen om toe te sien dat ons erfenis bewaar word nie. Dit hoë koste verbonde aan die instandhouding van hierdie erfenis het by ons verbygegaan. Vandag is die volhoubaarheid hiervan 'n wesentlike vraag. Verskeie van ons museums en monumente is in die gedrang; nie bloot omdat dit moontlik politiese onaanvaarbaar sou wees nie, maar ook omdat die onderhoud, verbetering en bestuur daarvan duur is en daar dikwels nie geld hiervoor beskikbaar is nie. Realisties gesproke moet mens dit probeer verstaan. Hoe kan daar geld aan hierdie dinge bestee word terwyl daar duisende mense daarbuite sonder 'n heenkome, werk of behuising is? Dan is daar natuurlik ook nog die druk op die owerheid om te sorg dat die erfenis van ander groepe óók beskerm word.

Desnieteenstaande ondervind erfenisbewaring in die algemeen 'n krisis. Nie alleen word Afrikaner-erfenisse agterweë gelaat nie, maar selfs van ons nuwe sogenaamd regstellende museums trek aan die kortste end. Enkele jare gelede het Robbeneiland die gevaar geloop om sy status as Wêrelderfenisterrein te verloor en dit was bloot tydige ingryping wat dit verhoed het. Daar is eenvoudig nie genoegsame fondse beskikbaar nie.

Dit bring ons voor die keuse te staan: Gaan ons dit maar laat vergaan of gaan ons die hand aan die ploeg slaan om dit wat ons eie is te behou?

Daar is verskeie maniere waarop hierdie kwessie aangepak kan word. Ten eerste sou dit moontlik wees om van wetgewing gebruik te maak. Die Wet op Nasionale Erfenishulpbronne (Wet 25 van 1999) spreek die bestuur van erfenis in Suid-Afrika aan (Let wel, die wet het die voormalige Wet op Nasionale Gedenkwaardighede herroep en gevolglik word die term 'nasionale gedenkwaardigheid' nie meer gebruik nie, maar die term 'erfenishulpbron'.) Ingevolge dié wet, word erfenishulpbronne of -terreine in drie kategorieë verdeel: Nasionale (Graad I-) erfenishulpbronne is van nasionale belang, Provinsiale (Graad II-) van provinsiale belang en ander (Graad III-) van plaaslike belang. Alle terreine (dit sluit geboue en so meer in) wat ingevolge die vorige wet verklaar is, word outomaties as provinsiale erfenis beskou, tot tyd en wyl 'n aansoek gebring word om dit tot 'n nasionale terrein te verklaar (teoreties sou dit ook afgegradeer kon word).

Enigiemand kan sodanige aansoek indien en bykomende terreine kan nou verklaar word. Dit beteken dus dat gemeenskappe self hierdie aansoeke kan hanteer. 'n Aansoek om Graad I- status word by die nasionale liggaam, die Suid-Afrikaanse Erfenishulpbronagentskap (SAEHA) ingedien en 'n aansoek vir Graad II by die onderskeie provinsiale liggame. Helaas, funksioneer laasgenoemde, met enkele uitsonderings, dikwels nie behoorlik nie. Tans kan plaaslike erfenisse nog nie formeel verklaar word nie, omdat die hele erfenisstelsel soos uiteengesit in die wet, nog nie na behore uitgevoer is nie.

Daar moet egter onthou word dat die wet in elk geval 'n outomatiese bewaringsklousule het. Dit behels dat enige gebou ouer as 60 jaar, enige militêre terrein ouer as 75 jaar en enige argeologiese terrein ouer as 100 jaar beskerming geniet. Dieselfde geld erfenisvoorwerpe, monumente en so meer.

Benewens die moontlikheid om hierdie aansoeke te doen, kan gemeenskappe dus ook as waghond optree en die vernietiging of beskadiging van erfenisterreine beveg deur kontak te maak met beplanningskantore in plaaslike owerhede, ontwikkelaars en selfs die Suid-Afrikaanse Polisiediens. Daarbenewens kan daar ook as drukgroep opgetree word teen owerhede wat versuim om erfenisse in stand te hou.

'n Besonderse aspek in die wet is dat dit gemeenskappe in staat stel om na hulle erfenisse om te sien, hoewel dit nie noodwendig met finansiële hulp gepaard gaan nie. Dit behels onder meer dat daar met owerhede onderhandel kan word om hierdie kultuurhulpbronne te bestuur en te bewaar, en soms kan dit selfs beteken dat eienaarskap oorgegee kan word. Hierdie sou dan 'n verdere manier wees waarop ons na ons erfenis kan kyk.

Natuurlik moet ons besef dat dit duur is en dat dit geen maklike taak is nie. Erfenisbewaring is vandag 'n gespesialiseerde veld, hoewel dit nie beteken dat spesialiste ten alle tye betrokke moet wees nie. Daar moet egter versigtig gehandel word omdat goed-bedoelde werk dikwels tot meer skade lei en sodoende die kulturele integriteit van 'n terrein kan benadeel. Daar is egter kundiges soos erfeniskonsultante en instansies soos die Erfenisstigting wat hiermee behulpsaam kan wees. Noodwendig sal hierdie konsultante nie die werk gratis doen nie, maar die koste om 'n behoorlike kultuurerfenis-bestuurplan op te stel, is klein in vergelyking met die aanstel van 'n permanente vakkundige om die werk te doen. Selfs die Erfenisstigting het beperkte hulpbronne en kan eenvoudig nie by al die versoeke om hulp uitkom nie.

Miskien is dit nodig dat daar 'n bestekopname gemaak word om te bepaal watter potensiële erfenisse daarbuite lê en om dit te gradeer in orde van belang. Dit is eenvoudig nie moontlik om elke museum, elke gebou uit 'n spesifieke era of verskeie voorbeelde van dieselfde voorwerp te bewaar nie – dit op sigself is duplisering wat teen 'n hoë prys kom. Op hierdie wyse kan daar seker gemaak word dat iets van alles vir die nageslag behoue bly, eerder as 'n groot hoop vernielde voorwerpe of verskeie ruïnes van geboue uit dieselfde tydperk.

Hierdie taak begin op plaaslike vlak waar organisasies met andere met gedeelde doelwitte kan hande vat. Van hier af kan 'n hiërargie opgebou word sodat uiteindelik ook erfenisse met 'n provinsiale of nasionale belang die nodige aandag kan kry.

Ter afsluiting net enkele voorbeelde van Afrikanererfenisse wat binne die huidige stelsel amptelik verklaar is: Graad I – die Voortrekkermonument; Graad II – Paul Kruger se plaas, Boekenhoutfontein, asook Fort Klapperkop in Pretoria en die NG kerk in Graaff-Reinet. Op plaaslike vlak sou iets soos die Bronkhorst-ruïne in die Fonteinedal in Pretoria en die Albasini-ruïne in die Nasionale Krugerwildtuin kon kwalifiseer.

# Musiek soos

## Hulle musiek gaan gehore baie diep raak

Ek word stil.
Ek word stil as my siel onder jou voete soos 'n oop, omgeploegde land lê.
Jy met jou musiek soos reën oor my ... met 'n Kaleidoskoop van kleur laat dit iets wat
versteek is binne my uit sy nate bars en dan word dit skielik groen,
'n grasvlakte, 'n boom, 'n woud.
En ek word stil,
stil tevrede as my siel te midde van jou melodieë ontkiem.
- Musiek Soos Grond -



Seugnet van Zyl
Skoll Photography & Design

# Grond



© Susan Scott, 'STROOP'

Vir lank het 'n klomp musikant-vriende saam gedroom oor 'n platform vir “dieper” Afrikaanse musiek. Vir iets met meer hart, iets wat eg is en betekenisvolle lirieke.

Toe bring Jacques de Villiers, oftewel Joshua na die Reën soos hy in die Afrikaanse musiekbedryf bekendstaan, dié sewe vriende, waaronder hyself, Anique en Jouba Jordaan van Kaleido-skoop, Len Muller, Lizandra Winter, Leon Gropp en Liani Reynolds, byme-kaar om Musiek soos Grond te vorm.

“Ons almal se hart is régtig een. Dit is al wat dit gaan maak werk. Ons wil net mense se harte (met ons musiek) praat. Dít is wat ons almal wil doen,” vertel Jacques oor dié nuwe musiekbeweging wat binne enkele dae vir die eerste keer in Bloemfontein gehoor sal word.

Hy sê daar was vir hom 'n gemis aan kameraadskap tussen musikante.

“Soort soek soort. Hierdie ding (Musiek soos Grond) kan eintlik net werk as dit tussen vriende gebeur. Ons almal is eintlik eers vriende en dan is ons Musiek soos Grond. My nommer een droom is om vir mense te sê: 'Jy is genoeg en daar is hoop'.”

Hy sê hy het eendag besef dat mense in die gehoor, by konserte, soos grond is waarop musiek val.

“Elkeen ervaar dit anders en uit daardie belewenis groei iets uniek.”

Dis ook juis Musiek soos Grond se doel dat mense wat daarna gaan kom luister, veel eerder met 'n afwagting as 'n verwagting na vertonings moet kom.

“Nie een show gaan dieselfde wees nie. Die vertonings gaan baie vloeibaar wees.”

Musiek soos Grond bring 'n klomp vriende byeen wat dit geniet om saam musiek met een boodskap te maak, maar tog uniek bly. Die twee opko-mende konserte, waarvan nog een in Mei by die Big Red Barn in Irene, Centurion, plaasvind, is daarop gemik om dié kunstenaars 'n platform te gee om hulle hoendervelmooi lirieke, lewensverhale en veelsydigheid op die verhoog met gehore te deel. Buiten dat die sewe musikante saam gaan sing, gaan hulle ook mekaar begelei tydens optredes.



Anique Jordaan, die vrouekunstenaar van Kaleidoskoop, sê Musiek soos Grond is musiek met goeie lirieke en hart.

> "Dit is musiek wat mense kan aanraak. Dit is ets wat eg is."

Jouba Jordaan, haar sangmaat, sê: "Ons wil net die alternatief bied. Ek is baie bly dat dit uiteindelik gebeur, want dit het vir lank in ons almal se harte gebroei."

Len Muller sê hulle wil mense net inspireer met Musiek soos Grond, terwyl Liani Reynolds sê daar is 'n eenheid tussen hulle. "Ons style verskil, maar ons komplementeer ook mekaar."

Leon Gropp som Musiek soos Grond as 'n klomp dromers, wat saamdroom om 'n platform te skep vir ander dromers op. "Vir ander nie-hoofstroom-kunstenaars om nie net 'n bestaansreg in die bedryf te hê nie, maar 'n plek waar die kuns wat ons skep, 'n groter reikwydte het."

Lizandra Winter meen Musiek soos Grond voel soos 'n veilige tuiste. "Ek sien ons as 'n geheel. Ons wil iets in jou hart kom lê."

Dié groep musikante het onlangs ook saam 'n splinternuwe enkelsnit opgeneem en 'n musiekvideo daarvan laat vervaardig. "'Lugballon' Is 'n pragtige kontemporêre hartsliedjie, met die boodskap dat jou uitkyk op die lewe dikwels bepaal hoe jy situasies hanteer.

"Dit gaan oor die reis wat ons as musikante met een hart meemaak en hoe ons en ons gehore mekaar kan aanspoor om vanuit 'n hoër perspektief na die wêreld te kan kyk en sien hoe mooi dit regtig is, hoeveel hoop daar is en dat ons regtig genoeg is om mekaar hoop te gee en te inspireer omdat ons van onsself vir mekaar gee," sê Anique.

Len het "Lugballon" se openingswysie op die kitaar gesit en tokkel, terwyl Anique met die idee van die lugballon as metafoor vorendag gekom het. Jacques het alles bymekaar getrek en die meeste van die lirieke geskryf, asook die vervaardiging van die bykomende instrumente behartig, terwyl Leon en Jouba hand bygesit het met idees, raad en advies.

Dié musiekvideo weerspieël wat Musiek soos Grond is. Al die tonele speel in verskillende dele van die natuur af wat simboliseer dat baie dinge met grond en dan ook musiek kan gebeur – 'n woud, 'n grasveld, 'n grondpad.

Musiek soos Grond sal ook groei namate die beweging groei. f

**KLIK HIER en kyk na die liedjie "Lugballon"**

**KONSERTDATUMS**

**27 April 2019 – Villa Avianto, Bloemfontein**
**4 Mei 2019 – The Big Red Barn, Centurion**

**Deure open om 17:00 en sluit weer om 22:00. Gaste is welkom om piekniek-komberse, kampstoele of kussings te bring om op te sit terwyl hulle saamkuier.**

**Kaartjies is beskikbaar by www.musieksoosgrond.co.za en wissel tussen R200 en R250 per persoon.**

**WEN**
2 Kaartjies vir elke vertoning
SMS: Musiek soos Grond na 45730 (R1,50)



Word 'n FAK-VRIEND klik hier

# As die voëls begin trek ...





## "Die jaar word ryp in goue akkerblare,"

het NP van Wyk Louw geskryf. Ons sien die blare wat verkleur: groen word geel en oranje, rooi en bruin.

Terwyl dit gebeur, speel daar 'n natuurwonder om ons af wat 'n mens, tensy jy oplettend is, dalk nie eens opmerk nie. En selfs al merk jy dit op, is dit moeilik om die grootsheid daarvan te peil.

Die trekvoëls pak hulle langer of korter reise na die spreekwoordelike groener weivelde toe aan.

Een van die eerste kere wat dit my regtig getref het, was een aand langs 'n dam in Middelburg, Mpumalanga. Ek was deel van 'n groep voëlringers en ons wou Europese swaels ring.

Dié swaels broei in die noordelike somer in Europa. As hulle in ons somer hier kuier, het hulle nie neste nie. Dan sit hulle snags in die riete. Ons het ons nette tussen 'n klomp riete opgeslaan en toe hulle skemeraand inkom om te kom sit, het ons 'n hele klompie gevang.

Die gedagte was om 'n ringetjie aan 'n swael se poot te sit, 'n klompie mates te neem, die voël te weeg en dit dan vry te laat. As hy later elders weer gevang word, kan 'n mens iets van sy bewegings leer.

Die opwinding was groot toe iemand 'n swael kry en sien hy het reeds 'n ringetjie aan. Op die ringetjie het onder meer gestaan "Helsinki". Dié swael is in 'n vorige seisoen in Finland gering en het, al 18 g van hom, daarvandaan tot hier gevlieg.

Ek was verstom. Dat so 'n klein voëltjie dit kon doen. Dat duisende van hulle dié tog twee maal per jaar aanpak, een maal suidwaarts en een maal terug noorde toe. Dat hulle dit jaar na jaar doen.

Nie alle voëls is trekvoëls nie. Party bly reg deur die jaar, jaar na jaar, min of meer op dieselfde plek.

Ander, soos die grootstreepswaels wat in 'n stadium teen die stukkie plafon buite my voordeur nesgemaak het, trek heelwat korter afstande. Dalk tot in een van die Kongo's, dalk net tot in Zambië of Angola, iewers naby die ewenaar.

Een broeipaar het jaar na jaar teruggekom na ons toe. Ek kon aan die ringetjies wat ek vir hulle aangesit het, sien dat dit dieselfde twee was wat elke jaar twee kuikens by ons kom uitbroei en grootmaak het.

Tot een jaar, toe dit net die mannetjie was wat teruggekom het, met 'n nuwe wyfie aan sy sy. En die broeiery het voortgegaan soos voorheen.

Maar party trekvoëls het verstommende verhale, soos die krombekstrandlopers. In ons somers is hulle volop veral langs die Weskus. Hulle wei al langs die kant van die water aan allerlei klein goggatjies.

En wanneer die somer einde se kant toe staan, dan begin hulle gewig aansit. Petrol vir die lang reis Siberië toe. Navorsers het vasgestel dat hulle hulle gewig met sowat 50% kan vermeerder voordat hulle begin trek.

Maar hierdie brandstof is nie naastenby genoeg om hulle in Siberië te bring nie. Daarom het hulle 'n paar ruspunte langs die pad. Eenstoppe, sou 'n mens kon sê, waar hulle 'n week of twee oorstaan, en hulleself weer vetvreet voordat hulle verder vlieg.

Ná sowat 13 000 km kom hulle aan in 'n arktiese somer wat elke jaar vir 'n kort tydjie vir hierdie en ander trekvoëls 'n oorvloedige feesmaal van goggatjies bied.

'n Paar weke later draai die mannetjies om en pak die terugtog aan. Hulle het net gekom om te paar. Die wyfies bly langer. Hulle broei die eiers uit en versorg die kuikens totdat hulle groot genoeg is. En 'n rukkie nadat die wyfies die terugtog aangepak het, volg die jonges op hulle eerste reis na die suidpunt van Afrika.

En as die suidelike lente aanbreek, dan kom ons somerbesoekers terug. Ons hoor hoe die Europese byvreters in die lug tjirp. Ons verlustig ons weer aan die roep van die bosveldvisvangers wat hoër op in Afrika gekuier het.

En as ons mooi daaroor dink, dan staan ons verwonderd oor wat alles om ons gebeur.

**Neels Jackson**



Argieffoto

# Skolekoerantslypskool








Jo van Eeden







Nico Strydom



Theana Breugem



Daniëlla van Heerden





**Die FAK het op 11 April sy heel eerste skolekoerantslypskool aangebied. Die doel van dié slypskool was om laerskool- en hoërskoolleerlinge meer te leer oor hoe om 'n skoolkoerant aanmekaar te sit, hoe om beter foto's te neem en hoe om tegnologie in te span om hulle skoolkoerant dalk digitaal te maak.**

## Wie was die leermeesters?

**Jo van Eeden** is deesdae 'n vryskutjoernalis en mediakonsultant. Sy is ook 'n voormalige uitgewer en redakteur van Netwerk24 en voormalige hoofredakteur van *Beeld, Die Burger* en *Volksblad*.

**Theana Breugem** is 'n vryskutfotograaf wat tans in kosfotografie spesialiseer. Sy het in 2004 as student by die dagblad *Beeld* begin werk en vir meer as 'n dekade permanent as fotojoernalis daar gewerk.

**Daniëlla van Heerden** is 'n TV-nuusleser en -veldverslaggewer by eNuus op kykNET.

**Nico Strydom** is tans die redakteur van Maroela Media, die grootste gratis Afrikaanse nuuswebwerf.

## Deelnemende skole

Laerskool Hennopspark
Pretoria Technical High School
Hoërskool Oosterland
Hoërskool Menlopark
Midstream College Primêre Skool
Hoërskool Zwartkop
Hoërskool Overkruin
Hoërskool Waterkloof

## Wie se wat ...

"Die meisies het dit baie geniet en het veral Jo se gedeelte waardevol en oulik gevind. Hulle het Theana en Daniëlla se sessies net so lekker gevind. Baie dankie dat ons ook deel van hierdie dag kon uitmaak. Ons hoop om in 2020 dit weer te kan doen".

**sê Vicky Piekaar, registeronderwyser gr. 6 Departement Afrikaans aan Midstream College Primêre Skool**

"Dit was vir my 'n ongeloofl ike ervaring gewees. Ek het baie geleer en 'n hele nuwe wêreld het vir my oopgegaan, beroepe waarvan ek nooit geweet het nie. Ek persoonlik dink die FAK moet weer so 'n slypskool hou".

**sê Cilliers Diedericks, 'n gr. 10-leerling aan Hoërskool Waterkloof**

"Dit was fantasties. Dankie dit was 'n wonderlike leergeleentheid en ek sal dit graag weer wil bywoon".

**sê Emma Thompson, 'n gr. 7-leerling aan Laerskool Hennopspark**

"Ek dink die slypskool was nogal ongeloofl ik! Die uiteensetting was puik, want dit het elke gedeelte van joernalistiek geraak en dit was fantasties om mense te ontmoet wat elke dag hierdie werk doen, en wat ons alledaagse lewens aanraak soos nuuslesers en Maroela Media".

**sê Kylie van der Merwe, 'n gr. 11-leerling aan die Hoërskool Zwartkop**

## Foto's

Leerlinge aan die skolekoerant-slypskool moes op die dag 'n omgewingsportret neem. Hulle moes dus op die persoon fokus, maar die omgewing in ag neem.

**Wenfoto:**
Is deur Marla Schlebusch, 'n gr. 7-leerling aan Laerskool Hennopspark in Centurion geneem.


*Theana sê: "Mooi portret! Die fotograaf het die omgewing mooi gebruik. Die raam-in-raam-wenk fokus die aandag op die persoon".*

**Tweede plek:**
Dié foto is deur Laurilé Nel, 'n gr. 11-leerling aan die Hoërskool Zwartkop in Centurion geneem.

*Theana sê:"Mal oor die balans in die foto asook die 'spanning' van die oogkontak tussen beeld en die persoon".*

**Derde plek:**
Dié foto is deur Kylie van der Merwe, ook 'n gr. 11-leerling aan die Hoërskool Zwartkop in Centurion geneem.

*Theana sê: "Mooi portret en fantastiese gebruik van lyne en die reël van derdes. Sou kon wen as die fotograaf net nader aan die persoon gegaan het".*




**WENFOTO**
**Marla Schlebusch**
gr. 7 van Laerskool Hennopspark




**TWEEDE PLEK**
**Laurilé Nel**
gr. 11 van Hoërskool Zwartkop





**DERDE PLEK**
**Kylie van der Merwe**
gr. 11 van Hoërskool Zwartkop

VROUE IN DIE NUUSKANTOOR:

# die formidabele

In die veertigerjare van die vorige eeu was vroulike Afrikaanse joernaliste in Suid-Afrika in die minderheid en meestal beperk tot die vroueblad van die koerant. Vandag kyk niemand meer vreemd op wanneer vroue die media betree nie. Trouens, baie nuuskantore het oorwegend vroulike joernaliste in diens. Dít is onder meer te danke aan die voorlopers, M.E.R. en Rykie van Reenen.



*M.E.R. by haar tikmasjien*

Maria Elizabeth Rothmann, beter bekend as M.E.R., en Rykie van Reenen was albei formidabele vroue wat die pad gebaan het vir vroulike Afrikaanse joernaliste. Beide was baanbrekers en hul tyd vooruit. Rykie het in 1945 by *Die Burger* se redaksie aangesluit in 'n tyd toe daar slegs 'n handjievol vroulike joernaliste in die nuusmedia was. En die wat daar was, het meestal vir die vroueblad gewerk. As die eerste vroulike joernalis wat van die vroue-redaksie na die algemene redaksie by 'n koerant geskuif het, het Rykie die weg gebaan vir haar vroulike kollegas. Maar 'n terugblik op die lewe en werk van Rykie van Reenen is nie moontlik sonder om te verwys na die werk van M.E.R. en die invloed wat sý op Rykie se lewe gehad het nie.

Interessant genoeg het Rykie eers vir M.E.R. ontmoet op laasgenoemde se 75ste verjaardag. Vir M.E.R. het Rykie haar Kaapse kind geword en 'n hegte verhouding het ontstaan.

M.E.R. was nie net die eerste vroulike Afrikaanse joernalis nie, maar ook een van die eerste vroue in Suid-Afrika om 'n BA-graad te behaal. Sy het ook opgestaan vir vrouestemreg en selfs in die politiek gedraai as ondervoorsitter van die Kaaplandse Nasionale Party. Sy het op 22 as onderwyseres begin werk en eers later jare ernstig begin skryf.

Dit was in Ermelo wat sy begin het om bydraes te stuur vir *Die Boerevrou* in Pretoria ('n Afrikaanse vrouetydskrif, die voorloper van Sarie). Haar bydraes het so beïndruk dat sy genooi is om 'n proeftydperk vir *Die Boerevrou* te werk, met die moontlikheid om permanent aangestel te word. Sy is toe aangestel en só begin haar loopbaan as joernalis. Sy het by die *Die Boerevrou* gewerk totdat sy in 1922 afgedank is weens finansiële druk by die tydskrif. Vanaf 1922 tot 1928 werk sy vir *Die Burger* en word sy die eerste redaktrise van die vroue-afdeling. Sy het gereelde bydraes vir *Huisgenoot* gelewer en was later die redakteur van *Die Kleinspan*, 'n bylaag in die *Huisgenoot*.

Rykie het in M.E.R. se voetspore gevolg, maar M.E.R. het nooit uit die vroue-redaksie na die algemene redaksie oorbeweeg nie. Rykie was in dié opsig dus 'n voorloper en die eerste vrou wat in die "manlike-liga" gaan skryf het.

Rykie het 'n BA-graad in tale en 'n meestersgraad in Engels verwerf. In 1943 het sy as *Die Burger* se korrespondent van Stellenbosch Universiteit begin werk. In 1945 begin sy voltyds by *Die Burger* werk, eers by die vroueblad en toe in die algemene nuuskantoor as algemene verslaggewer. Sy het in dié tyd ook haar bydraes vir die rubriek *Van Alle Kante* geskryf.

Word 'n
FAK-VRIEND
klik hier


# voorlopers

Rykie het na haar pa se dood uit die journalistiek getree om op haar pa se plaas, Waterkloof, te gaan boer. In 1952 skryf M.E.R. in 'n brief aan Rykie dat dit 'n verlies vir die journalistiek is en moedig Rykie aan om vryskutwerk te doen. M.E.R. het haar van toe af gedurig aangemoedig om nie die journalistiek af te skeep nie. In 1964 het Rykie die plaas verkoop en in 1965 word sy met die hand uitgesoek om saam met 'n span joernaliste Die Beeld (toe 'n Sondagkoerant) te begin. Sy was aan die spits saam met Piet Cillié, Schalk Pienaar, Phil Weber en JJJ Scholtz. Ton Vosloo, wat beskou word as die "vader" van Naspers, skryf hieroor: "Rykie was so formidabel soos kan kom en hou vir hou kon sy terugkap in daardie manlik oorheersende wêreld."

In 1970 vorm Rykie deel van die stigtingsredaksie van *Rapport* en in 1973 word sy bevorder tot assistent-redakteur. Weer betree sy 'n eerste. Rykie het gereeld as redakteur waargeneem. In 1986 het die Universiteit Stellenbosch 'n eredoktorsgraad aan haar toegeken. In 1990 het die Universiteit van Pretoria die Rykie van Reenen-huldigingslesing ingestel. Na twee jaar het sy egter gevra dat die lesing voortgaan, maar nie onder haar naam nie. In 1999 het die Universiteit Stellenbosch se nagraadse journalistiekdepartement die Rykie van Reenen sekonderingspos begin. Rykie was slegs 56 toe sy noodgedwonge in 1979 uit die redaksie moes tree. Sy het van tyd tot tyd nog vryskutwerk gedoen. Sy het tot haar dood Desember 2003 in Yzerfontein gewoon.

Prof. Lizette Rabe, koördineerder van die PhD-program by die departement journalistiek aan die Universiteit Stellenbosch, het 2011 die boek *Rykie, 'n Lewe met woorde*, geskryf – 'n omvattende werk wat Rykie se lewe en haar bydrae tot die Afrikaanse journalistiek beskryf.

Hoe het dit gekom dat sy dié groot werk aangepak het?
"In 2002 het twee boeke oor twee groot Naspersers verskyn: biografieë oor Piet Cillié (deur Jaap Steyn) en Schalk Pienaar (deur Alex Mouton). Ek het vir almal wat wou hoor, gesê, tipies. Kyk net, boeke oor twee manlike joernaliste in een jaar, maar oor hul tydgenoot, wat enige tyd net so 'n groot, ook politieke, invloed as hulle gehad het, g'n woord," sê Lizette. Iemand het toe aan haar gesê as sy so sterk daarvoor voel hoekom skryf sy nie die Rykie-boek nie. "Wel, ek het gebewe, want wie gaan dit waag om oor die Groot Rykie te skryf?" Maar sy het besef niemand gaan 'n boek skryf oor 'n vroulike joernalis wat dit net soveel verdien soos haar twee manlike tydgenote nie, en aangesien gender en die media haar navorsingsbelangstelling is, het sy dit aangepak.




Vir Lizette is die "eva-lusie" van die vroulike joernalis 'n onderwerp wat haar na aan die hart lê. Lizette was self 'n joernalis vir twintig jaar en voor haar toetrede tot die akademie, die redakteur van *Sarie*. Vir haar, en ook vir baie ander joernaliste voor haar, was Rykie persoonlik 'n poolster – die lig op die horison. Sy beskryf Rykie as "'n baanbreker vir Afrikaanse vroulike joernaliste" en 'n "uitmuntende joernalis". Die historikus Hermann Giliomee meen sy is die uitmuntendste Afrikaanse joernalis van die twintigste eeu. Rykie skryf self in *Volksblad* in 1999 oor die joernalistiek: "Dit verstom my elke dag dat 'n mens vir soveel lekkerkry betaal word."

Beide M.E.R. en Rykie het 'n ryk nalatenskap vir vroue in die joernalistiek gelaat. Lizette sê: "Rykie het geskryf dat vroue se uitdaging nie is om die werk net so goed soos mans te doen nie, maar om juis 'n ekstra dimensie aan joernalistiek te gee sodat die professie verbreed kan word."

"Vrouejoernaliste vandag kan uit Rykie se lewe leer dat ons elke geleentheid moet gebruik (en self geleenthede moet skep) en om nie nee vir 'n antwoord te aanvaar nie. Jy moet jou laat lei deur jou morele kompas oor wat reg en geregtigheid is, en wees getrou aan joernalistiek en al sy beginsels."

**Tanya de Vente-Bijker**

# Boeremusiek:

## so eg Suid-Afrikaans soos biltong en koeksisters

As daar een musiekvorm is wat as eg Suid-Afrikaans beskou kan word, is dit Boeremusiek, maar dit het eintlik lank geduur voordat dit volksbesit geword het.

Daar word gesê dat Boeremusiek, soos ons dit ken, in die 1800's, of dalk vroeër ontstaan het. Die konsertina, soos ons dit vandag ken, is deur Sir Charles Wheatstone, uitgevind. Hy was veral bekend as 'n wetenskaplike wat vir baie van die wetenskaplike deurbrake van die Victoriaanse era verantwoordelik was. Die konsertina is in 1829 uitgevind, en is aanvanklik gebruik vir klassieke en kamermusiek. Die Heilsleër het dit ook in lande soos die VSA, Engeland, Australië en Nieu-Seeland gebruik omdat dit 'n meer draagbare alternatief vir koperblaas-instrumente was, maar die gewildheid daarvan vir hierdie doel het in die vroeë twintigste eeu begin afneem.

Boeremusiek het aanvanklik van Engeland af na Suid-Afrika toe gekom, maar dit het 'n unieke Suid-Afrikaanse klank gekry, veral aangesien verskillende tipes konsertinas gebruik word. Benewens die Engelse konsertina is daar ook die Boerekonsertina met 'n eiesoortige klank wat meer in tradisionele Boeremusiek gebruik word. Die verskil in voorkoms is duidelik sigbaar, aangesien 'n Boerekonsertina se kante gewoonlik van hout gemaak is.

Daar is twee verskillende denkrigtings wat die klank van Boeremusiek betref, asook verskillende menings van wat Boeremusiek eintlik is, of behoort te wees. Die meer tradisionele Boere-orkeste bestaan uit 'n konsertina, miskien 'n trekklavier, 'n ritmekitaar, 'n banjo, 'n basviool en 'n orrel of klavier. Daar is egter ook 'n meer moderne klank wat veral in die 1980's begin posvat het: sommige Boereorkeste bestaan ook uit elektroniese klawerborde, elektriese kitare, baskitare en tromme. Daar was ook sekere Boereorkeste wat ander hoofinstrumente gehad het, soos 'n viool, terwyl 'n konsertina in sommige orkeste heeltemal afwesig is.

Deur die jare was daar 'n aantal Boereorkesleiers wat legendariese status verwerf het. Een van die bekendstes was Silver de Lange. Johannes Petrus de Lange, wat op 14 Julie 1904 in Johannesburg gebore is, was die leier van die Vyf Dagbrekers. Silver het nie net die konsertina leer speel nie, maar ook die serfyn ('n soort traporrel) en die kitaar. Hy het glo sy bynaam gekry weens die suiwer klank wat sy konsertina voortgebring het. Die vervaardigers van die Wheatstone-konsertina in Engeland het hom op 'n stadium genader om te help met die herontwerp van dié wêreldbekende instrument, maar niks het daarvan gekom nie en Silver is op 18 Desember 1956 oorlede. Anton Goosen se komposisie, "Silver de Lange", waarin Silver se lewensverhaal vertel word, was nie net 'n treffer vir Anton self nie, maar ook later vir Carike Keuzenkamp.

Nog 'n legende was Japie Laubscher, wat op 3 Junie 1919 in Kaapstad gebore is. Japie het 'n kenmerkende styl gehad en hoewel baie mense hom probeer naboots het, kon niemand dit regkry nie. Hy het nie net die ou tradisionele wysies gespeel nie, maar ook gedurig met nuwe komposisies vorendag gekom. "Die ou waenhuis" is seker een van die heel bekendste Boeremusiek-komposisies tot nog toe en selfs die Serenata-sangers se weergawe, wat natuurlik woorde bevat

















het, het 'n groot treffer geword. Toe hy gehoor het dat oud-Staatspresident CR Swart van Boeremusiek gehou het, het Japie 'n hele stel van sy plate aan hom oorhandig. Japie is op 5 April 1981 oorlede, maar 'n versameling van sy musiek, wat hy alles self gekomponeer het, is in 1997 onder die titel *Die Kaapse legende leef voort*, op CD uitgereik. Benewens "Die ou waenhuis" het dié versameling ook snitte soos "Al te bly", "Spuitdrift se polka", "Liefling van my" en "Vergeet my nie" bevat.

In die 1980's het Boeremusiek 'n oplewing beleef toe die SAUK 'n tweejaarlikse Boereorkes-kompetisie op televisie uitgesaai het. Die eerste wenner was Neels Mattheus, en latere wenners was onder meer Dirkie Smit, Nico van Rensburg en Boetie Kallis. Hoewel die meeste orkeste hoofsaaklik die moderne tipe Boeremusiek gespeel het, was dit 'n vereiste dat elke orkes minstens een wysie op die tradisionele manier, sonder elektriese of elektroniese instrumente of tromme, moes speel. Die kompetisie is tot in 1992 uitgesaai. Die gewildheid van die program Konsertinaklub op die Afrikaanse radiodiens van die SAUK, vandag RSG, het ook al hoe meer toegeneem en hierdie program word vandag nog gereeld uitgesaai.


Boeremusiek het ook 'n invloed op ander vorme van Afrikaanse musiek gehad, en 'n konsertina kon al in verskeie gewilde Afrikaanse treffers gehoor word. Die Suid-Afrikaanse popgroep The Bats het die eerste Afrikaanse rugbyliedjie, "Groen en goud", in 1968 vrygestel en die sewende plek op Springbok Radio se Top 20 daarmee gehaal. Barry Jarman, een van die vier lede van die groep op daardie stadium, het konsertina gespeel. Later dieselfde jaar het hulle nog 'n Top 20-treffer met Weltevrede-stasie gehad, weer eens met Barry Jarman wat konsertina gespeel het. Anton Goosen was een van die leiersfigure van die Musiek-en-Liriekbeweging en 'n konsertina is in verskeie van sy komposisies gebruik, onder meer sy eie treffer "Kruidjie-roer-my-nie" en "Ta'Mossie se sakkie-sakkie Boeredans", wat 'n groot treffer vir Sonja Herholdt geword het. Nog 'n treffer van Sonja waarin 'n konsertina gehoor kon word, was "Blouwater-berge". In 1981 het die Springbok-rugbyspan deur Nieu-Seeland getoer en David Kramer het sy trefferliedjie, "Haak hom Blokkies", met Eddie Wilkinson op konsertina, vrygestel net voordat die toer begin het. Terwyl die toer aan die gang was, het hierdie liedjie opgang op Springbok Radio se Top 20 gemaak en die naweek van die laaste toets, wat om die verkeerde redes onthou sal word, het dié liedjie die laaste oorspronklike Suid-Afrikaanse komposisie geword wat die eerste plek op Springbok Radio kon haal. In Desember daardie jaar het hy dit opgevolg met "Royal Hotel", weer eens met Eddie Wilkinson op konsertina. Daar was ook 'n paar Afrikaanse sangers wat albums vrygestel het waarop hulle met Boeremusiek-legendes saamgespan het. Die suksesvolste hiervan was Blackie Swart en Manie Bodenstein se album *So ry die Boere* (met veral die titelsnit waarop Blackie die banjo bespeel het wat gewild was) en *Vuur en vlam*, waarop Valiant Swart saam met Ollie Viljoen gewerk het. Hulle het hierdie album later opgevolg met *Wild en wakker*.

Hoewel die meeste bekende konsertina- en trekklavierspelers reeds oorlede is, is daar 'n nuwe geslag wat na vore gekom het. Die Klipwerf-orkes vier vanjaar sy vyftigste bestaansjaar en hoewel daar 'n meningsverskil is oor of hul musiek regtig as Boeremusiek beskou kan word en hulle nie meer as die Klipwerf-Boereorkes bekendstaan nie, kan hul gewildheid nie weggepraat word nie. Ricus Nel het die laaste tyd nie net as veelvuldige instrumentalis bekendheid verwerf nie, maar ook as sanger. Hy maak seker dat daar op elke album wat hy vrystel, minstens een stukkie Boeremusiek is. Die Kaapse Affodille slaan die wanopvatting dat Boeremusiek net deur ou mans gespeel word, behóórlik die nek in; dit is 'n vroueorkes met meer as een konsertinaspeler en hulle is enige tyd net so goed soos 'n orkes wat uit mans bestaan. Kosie Beukes is een van die jongste musikante in die Afrikaanse musiekbedryf, maar hy weet wat om met 'n konsertina te doen.

Hoewel daar mense is wat Boeremusiek as vervelig beskou, en mense wonder waar komponiste aan titels vir hul komposisies kom, is die doemprofete wat hierdie eg Suid-Afrikaanse musiekvorm se einde voorspel het, ver verkeerd. Solank daar nuwe musikante op die toneel verskyn, en hopelik met nuwe komposisies vorendag kom, sal Boeremusiek bly voortleef.

**Daantjie Dinamiet**

fak 90
1929-2019




Skare tydens die FAK Dankfees

# Volksfeeste

**In die afgelope 90 jaar was die FAK betrokke, hetsy aangebied of ondersteun, by verskeie volksfeeste. Hier word slegs enkeles genoem.**

## **1952:** Van Riebeeckdag

In 1931, 1933 en 1934 het die FAK die owerheid versoek om 6 April as openbare vakansiedag te erken. Die versoeke was nie geslaagd nie, maar deur die FAK se toedoen is Van Riebeeckdag teen 1940 landswyd gevier. In 1952, met die herdenking van die landing van Jan van Riebeeck driehonderd jaar vantevore, het die FAK die aanvoorwerk gedoen vir 'n nasionale feesviering en ook daarin geslaag om die dag as openbare vakansiedag verklaar te kry.




*Program van die Van Riebeeckfees 1952*

## **1959:** Die wonder van Afrikaans-feeste

Op 24 Januarie het die FAK besluit om landswyd 'n Afrikaanse Taalfees te vier. Meneer CD (Douglas) Fuchs se voorstel vir 'n feestema – die Wonder van Afrikaans – is aanvaar. Die aanvangsfees was op 6 April in Kaapstad. Feesvieringe het hiervandaan noord- en suidwaarts feitlik van dorp tot dorp plaasgevind tot by die hoogtepunt op 30 Mei in die Amfiteater van die Voortrekker-monument in Pretoria. Die geleentheid is deur 60 000 mense bygewoon waar 'n indrukwekkende geleentheidstuk opgevoer is en die eerste minister, dr. HF Verwoerd, na Afrikaans verwys het as "die taal van ons wonderlike toekoms". Aan die einde van die verrigtinge het 60 000 mense hulle taalvuurhoutjies getrek.




*Die Wonder van Afrikaans-beeld in die FAK se hoofkantoor*




*Toegangskaartjies vir die Taalfees van 30 Mei 1959 by die Voortrekkermonument se amfiteater*



*Uitvoerende komitee van die FAK in die Taalfeesjaar. Voor: dr. CF Visser (Hoofleier van Die Voortrekkers) en ds. HJC Snijders. Agter van links na regs: Dr. MS du Buisson, prof. GG Cillié, mnr. IM Lombard (ondervoorsitter), mnr. TWS Meyer (hoofsekretaris), ds. GJJ Boshoff, prof. HB Thom (voorsitter), mnr. WSJ Grobler (organiserende sekretaris), mnr. D Fuchs (nie lid van die hoofbestuur nie. Teenwoordig i.v.m. die Wonder van Afrikaans-feeste)*

## **1960:** Republiek Dankfees

Die FAK het sedert sy stigting hom openlik beywer vir Republiekwording sonder om op enige wyse partypolities betrokke te raak. Tien dae nadat die kiesers in 'n referendum, op 5 Oktober 1960, besluit het dat Suid-Afrika 'n republiek moet word, het die FAK 'n dankfees in die amfiteater van die Voortrekkermonument gehou.
Sedert 1961 het die Staatspresidente van die Republiek van Suid-Afrika die inhuldigingsdokumente geteken met 'n FAK-pen van 22 karaat goud.



*Mev. Tibbie Visser (onderhoofleidster van Die Voortrekkers), mev. Mabel Jansen (stigterslid, eerste Onderhoofleidster van Die Voortrekkers en eggenoot van die goewerneur-generaal EG Jansen), mev. Maria Malan (weduwee van dr. DF Malan) en mev. Susan Strijdom (weduwee van adv. JG Strijdom) by die Dankfees.*

## **31 Mei 1966:** Vyfjarige Republiekfees


Met die vyfjarige Republiekfees het die FAK 'n R1200 beskikbaar gestel vir 'n sierwa oor die Afrikaanse taal. Die wa is deur studente van die Universiteit van Pretoria versier en voor die skare van duisende mense getrek.





## **1988: Diasfees**

In 1988 help reël die FAK aan die Diasfees, 'n fees wat vyfhonderd jaar van blanke kennismaking met Suidelike Afrika herdenk het.






Die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings

**Groeteboodskap**

Aan Die Johannesburg Dias-fees 1988

Die Portugese ontdekkingsreise van die 15de eeu is 'n pragtige toonbeeld van 'n totale samelewing wat met 'n ideaal volhard en oorwin het:

Die Portugese vind 'n seeweg na Indieë waaruit handelsvoordeel vir almal in baie kringe en talle gemeenskappe sou volg.

Omdat navorsers en regeerders, seelui en beleggers hulle kragte saamgesnoer het, kan 'n prestasie van diepgrypende betekenis in die eeue daarna steeds voortgesit word.

Bartolomeu Dias was deel van hierdie netwerk van mense wat stap vir stap, doelgerig aan 'n plan voortgeborduur het toe hy in 1487/88 sy epogmakende reis om ons Afrika-suidpunt heen en terug afgerond het.

Ons huldig hom en sy makkers.
Ons is dankbaar vir die oopstelling en skakeling wat met hierdie soort ontdekkings gepaard gegaan het.
Ons betreur die lotgevalle van talle wat in sodanige proses gely of vergaan het.
Ons juig oor die voordele aan verre nageslagte toegeval – handel, kultuurverspreiding en godsdienswaardes.

Die FAK is self neerslag van die Afrikanervolk wat uit die bedrywighede van o.a. Nederlandse, Franse en Britse entrepreneurs op seevaartgebied ontstaan het. Alles is gebou op die Portugese voorbeeld in hierdie verband.

Ons erken God van die Bybel wat in sy skeppingswysheid sulke skeppinge van mense moontlik gemaak het en steeds laat voortduur.


H.A. Sloet
VOORSITTER

19 Maart 1988

*Groeteboodskap van die FAK aan die Johannesburg Diasfees*

## **1988:** Groot Trek Herdenkingsfees

In 1985 word die FAK versoek om 'n reëlingskomitee saam te stel met die oog op die landswye herdenking van die Groot Trek 150 in 1988. Ongelukkig het die politieke en kerklike skeurings in Afrikanergeledere ook gelei tot 'n kulturele skeuring. Die gevolg hiervan was dat twee groepe ossewaens oor die land trek – dié van die FAK en dié van die Afrikanervolkswag. Beide trekke is met veel minder entoesiasme en invloed as in 1938 ontvang. Die skeurings het diep kulturele wonde veroorsaak wat jare later nog in Afrikanergeledere sigbaar sou wees. Die FAK-feesverrigtinge is op 16 Desember 1988 afgesluit by die Voortrekkermonument. Pres. PW Botha was die hoofspreker tydens die geleentheid voor 'n skare van 60 000. Dit was die laaste geleentheid waar Botha 'n volksfees van dié aard sou toespraak. Januarie 1989 het hy 'n beroerte gehad en kort daarna uit die politiek getree.




*Herdenkingsblad van die Groot Trek 150 jaar*

## **1988: Hugenotefees**


In 1988 vier die FAK landswyd die Hugenotefees.





## 2013: Nasionale Vrouemonument 100

Die FAK was betrokke by die viering van die herdenking van die inwyding van die Nasionale Vrouemonument in Bloemfontein 'n eeu tevore. 'n Spesiale gedenkpublikasie is uitgegee. Tydens die verfilming van die Viertrek Groot Trek-dokumentêr is die verbondenheid tussen die twee feesgebeure bevestig deur 'n Viertrek-bandspoor in sement te lê op die Vrouemonumentterrein. Prof. Danie Goosen het ook namens die FAK op 16 Desember 'n krans gelê.




*Vrouemonument Eeufees-gedenkpublikasie*



*Na afloop van die Kranslegging op 16 Desember 2013*

## 2013: Groot Trek 175

In 2012 het die FAK besluit om die Groot Trek se 175ste herdenking te vier deur die spore van Retief te volg vanaf die Kaap tot Natal. Dit is sedert 1838 die vierde Groot Trek-herdenkingsrit. Die doel van die rit was nie 'n volksfees nie, maar om die Groot Trek-verhaal deur middel van 'n vier uurlange dokumentêre reeks onder leiding van regisseur Carl Theunissen vir kykNET te verbeeld.

Met die skeuring van 1988 nog vars in die geheue, is daar tydens 'n gesamentlike vergadering van kultuurorganisasies ooreengekom om mekaar ruimte te bied om binne eie fokus en nismark aandag aan die Groot Trek-gebeure te gee. Verskil van mening sou nie deur sosiale netwerke of die media hanteer nie, maar deur persoonlike gesprek. Simboliese vlae sou beperk word tot die gebruik van die 1838-Potgieter- en Natalia-vlae. Die FAK het 'n gesamentlike webwerf ontwikkel waar organisasies deurlopend hulle Groot Trek-nuus kon publiseer. In samewerking met Maroela Media is 'n neutrale Groot Trek-embleem ontwerp.

Een van die merkwaardigste prestasie van die Viertrek Groot Trek was die hoeveelheid organisasies wat meegewerk aan die dokumentêr – die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns, ATKV, Oraniabeweging, Regslui vir Afrikaans, AfriForum, Wapadrand Boeredansgroep, Dagbreek Trust, Rapportryers, Radio Pretoria, Dameskring, Volksang-en-Volkspelebeweging, Solidariteit, Erfenisstigting, Voortrekkermuseum in Pietermaritzburg, Voortrekker-monument, Die Voortrekkers, RSG, Die Volksblad tot kykNET. Dit sluit nie die groot hoeveelheid individue, korporatiewe maatskappye en ander media in nie. Die Groot Trek 175 is dalk stiller gevier sonder voorblad-koerantopskrifte, amfiteaters vol Afrikaners, vlae en toesprake deur volksleiers, maar die keer sonder verdelende konflik. Een van die merkwaardigste mylpale van die herdenkingsjaar was dat kultuurorganisasies vir die eerste keer in 25 jaar anderkant die links en regs verdelingslyne, kulturele wonde en bitter twiste van die tagtigerjare getree het.

Groot Trek 175 getuig van 'n kulturele herlewing onder Afrikaners. Die Viertrek Groot Trek het kontinuïteit met die verlede gevind, maar ook eietyds betekenis geskep. Die veelvoud van praktiese gemeenskapsprojekte verteenwoordig 'n kulturele skuif in Afrikanerdenke. Weg van die sestiger- en sewentigerjare se skuiling in bronslaers, weg van die broedertwiste en agendas van die tagtigerjare na 'n dinamiese kultuurgemeenskap wat sonder staatshulp eie verantwoordelikheid neem vir historiese herdenkings. Die sterk gemeenskapsfokus gerugsteun met 'n veelheid van projekte het in die stilte soos suurdeeg gewerk met die resultaat van 'n nuwe kulturele selfvertroue onder Afrikaners.




*Viertrekkers op die laaste dag saam by Bloedrivier*



*Die Viertrekkers met die aanvang van die dokumentêr op Klipbokkop, naby Worcester.*
*Foto Conrad Bornmann/Foto24*

# Vriende vir Afrikaans

## Die Vriende vir Afrikaans (VVA) is 'n groep mense wat werk vir Afrikaans.

'n Klein groepie Afrikaanssprekendes het hierdie vereniging op 8 Februarie 1994 in Stellenbosch onder die ywerige leiding van Willem Dempsey (op sy dag 'n dosent, senator, burgemeester en oud-ambassadeur) en prof. Johan Combrink, 'n bekende taalkundige en 'n vurige kampvegter vir Afrikaans, gestig. Combrink se geesdrif en ywer vir Afrikaans was aansteeklik, ook omdat hy Afrikaans meesterlik kon gebruik.

Ná sy dood op 25 Julie 1999 is sy werk deur sy vrou, dr. Louise Combrink, voortgesit tot en met die insluiting by die ATKV in September 2014. Sy is ondersteun deur 'n spitsraad, 'n woord wat haar man gebruik het vir die ywerige vrywilligers wat jare lank onbaatsugtig vir Afrikaans gewerk het.

Die VVA se vlagskipprojek is hulle boektrommels vol heerlike boeke wat by verdienstelike skole en kleuterskole besorg word en ook hulle voorlees-projek wat die belang van voorlees in elke Afrikaanse huis wil tuisbring.

Chareldine van der Merwe, projekbe-stuurder van die VVA, sê deur vir kinders voor te lees, kan jy hulle lewenslange lesers maak, maar ook sorg dat hulle optimaal sal kan leer.

"Ongelukkig is boeke vir die meeste skole en mense 'n luukse. Daarom glo die VVA deur middel van ons boektrom-melprojek dat kinders so vroeg as moontlik aan die wêreld van woorde en stories blootgestel moet word. Daar moet 'n leeskultuur geskep word en kinders moet in 'n woordryke omgewing grootword."

"Lees lê die grondslag van alle leer. As 'n mens in ag neem dat 'n kind die heel meeste leer in die periode van 0 tot 6 jaar as wat hy/sy die res van sy lewe sal leer, kan daar nooit te vroeg met voorlees en lees begin word nie."

**Die VVA se boektrommelprojek bestaan uit 'n:**

- n boekverspreidingsprojek (boektrommels aan verdienstelike kleuterskole, Graad R-klasse en grondslagfase-klasse);
- Boekopvoeding vir kinders sodat hulle die waarde van boeke kan besef en 'n liefde vir lees ontwikkel;
- Voorleeswerkswinkels vir ouers en die uitgebreide gesin, ander belangstellendes en onderwysers (VKO-praktisyns)

Chareldine sê met hierdie uitgebreide boektrommelprojek wil die VVA in 2019 probeer om 'n groter impak te maak tot die ontwikkeling van 'n leeskultuur in gemeenskappe landwyd sodat kinders – eerste-, tweede- en derdetaal-sprekers van Afrikaans – in woordryke omgewings met toegang tot die regte boeke kan grootword en die vreugde en bemagtiging van lewenslange lees en leer kan ervaar en benut.

Danksy verskeie donasies kan die VVA jaarliks meer as 50 trommels nasionaal versprei.

"Nieteenstaande ons ywer en die vordering met die projek, is 50 boektrommels 'n druppel in die emmer gegewe ons Suid-Afrikaanse omstandighede."

Sy sê die VVA beoog om vanjaar 60 boektrommels te versprei.

**Diegene wat wil betrokke raak, kan Chareldine bel by 021 880 1761 of 'n e-pos stuur aan chareldinev@vva.atkv.org.za**



# Dis okei om nie okei te wees nie














Sy eie stryd met obsessief-kompulsiewe steuring (OKS), het die akteur Pietie Beyers binne drie weke 'n fliek daaroor laat skryf.

Die doel van die opkomende fliek, *Skemerson*, fokus egter nie net op OKS nie, maar wil vir ander sê dis okei om nie okei te wees nie.

"*Skemerson* raak uitdagings onder die oppervlak aan. Dit bied vertroosting en stel mense gerus om oor dié uitdagings te praat. Dis uiteindelik 'n storie van menswees," verduidelik hy sy beweegrede waarom hy juis dié fliek, wat deels op sy eie lewe gebaseer is, gemaak het.

Pietie het die regie van dié fliek behartig, hy speel die hoofrol en het dit help vervaardig.

Pietie is 2017 met OKS gediagnoseer nadat hy vir agt maande 'n soort "angsaanval" beleef het.

Hy verduidelik dat sy "tipe OKS beteken dat hy aan patologiese twyfel ly".

*Skemerson*, wat op 2 Mei in rolprentteaters begin wys, is volgens hom bloot die voertuig vir 'n baie groter gesprek.

"Ek wil daarmee aan mense sê jy mag teerpunte hê. Dis die *undercurrent*. Dis die groter prentjie wat ek wil aanraak."

Pietie vertel hoe nader hy aan homself gekom het, hoe harder het hy gewerk.

"Ek het presies geweet wat ek met *Skemerson* wou sê. Dit gaan oor 'n diep menslikheid."

Buiten dat dit vir hom diep persoonlik was, wou hy ook die broosheid en weerloosheid van die mens met *Skemerson* vasvang.

Anneke Weidemann, Pietie se meisie van die afgelope drie jaar, speel saam met hom en Elize Cawood, in *Skemerson*.

Anneke, nou 'n doktor, het as aktrise in flieks soos *Die Wonderwerker* en *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* bekend geword.

Pietie het *Skemerson* saam met Niel van Deventer, vervaardiger van die fliek *Dis ek, Anna,* vervaardig.

Dit speel af in die Tsitsikamma-bos in Knysna.

Nes sy karakter in dié rolprent, *Sella*, wie se naam in Hebreeus "plek van vrede beteken", simboliseer dié bekende woud dieselfde.

**Seugnet van Zyl**

**KLIK HIER om na die lokprent te kyk**

# Rolprentverlede: Ligbakens in troebel tye
## (1930 – 1949)



In 1931 word 'n spreekwoordelike stilte verbreek deur die vrystelling van die eerste volwaardige Afrikaanse klankrolprente, naamlik *Sarie Marais* en *Moedertjie*. Dié rolprente was voorwaar 'n mylpaal in die Afrikaanse rolprentbedryf, omdat Afrikaans vir die eerste keer werklik in 'n rolprentgehoor is.

Met die aanvang van die dertigerjare het 'n traumatiese tyd vir die Afrikaners voorgelê weens die Groot Depressie en droogte van 1932. Die toestande in die land was dus uiters morbied. Volgens Leon van Nierop, filmkenner en -resensent, word die verslaentheid van die Afrikaner, weens die swaarkry ná die oorlog, weerspieël in die rolprente wat vervaardig is. Dit beteken dat rolprente nie noodwendig ten doel gehad het om as vermaak te dien nie, maar eerder 'n maatskaplike en sosiale vertoonvenster van die historiese gebeure van die land en sy mense was. Van Nierop is ook van mening dat Afrikaners juis na die rolprente gaan kyk het, ten spyte van die morbiditeit, omdat hulle hulself met die gebeure kon vereenselwig en vertroosting kon vind in die visuele uitbeelding van soortgelyke scenario's.

*'n Dogter van die veld* word in 1933 vrygestel en in 1938, kort na die Voortrekker-gedenkfeesviering, is nog twee rolprente, naamlik *Bou van 'n nasie* en *'n Nasie hou koers*, vervaardig. 'n Nasie hou koers is die eerste film wat vervaardig is deur die Reddingsdaadbond Amateur Rolprent-organisasie, oftewel RARO. RARO is onder leiding van Hans Rompel in 1940 gestig en het pertinent daarop gefokus om amateurrolprentvervaardigers 'n platvorm te gee, maar ook op die vervaardiging van rolprente wat 'n bepaalde Afrikaanse milieu uitbeeld. Die organisasie was primêr afhanklik van befondsing vanaf die Reddingsdaadbond en vir kommersiële aktiwiteite het hulle staatgemaak op die Volksbioskope Maatskappy Beperk (VOBI). VOBI was 'n alternatiewe verspreidings-maatskappy wat in 1941 gestig is en wat uitsluitlik RARO se rolprentver-spreiding behartig het, maar self ook rolprente vervaardig het.

Rolprente wat gedurende die veertigerjare vervaardig is, het steeds die identiteit en sosio-politiese werklikhede van die Afrikaner uitgebeeld en verken. Komedies, melodramas en rolprente met 'n prominente nasionalistiese aanslag is vervaardig. Dit was veral Al Debbo en Frederik Burgers wat alombekend was vir hul skreeusnaakse komedies wat suiwer 'ontvlugtingsvermaak' verskaf het.


Die instelling van apartheid in 1948 het onvermydelik 'n nadelige invloed op die rolprentbedryf en die ondersteuning van die bedryf gehad, omdat nie-blanke bevolkingsgroepe weerhou is daarvan om rolprentteaters te kon besoek. Teaters wat geleë was in nie-blanke areas was arm en kon nie die nodige infrastrukture in stand hou om rolprentgangers te lok nie en menige teater het nie oorleef nie. Uiteindelik het slegs 11% van die land se bevolking deel gehad aan die aktiewe rolprentbedryf. Die sosio-politieke gevolg was dat die rolprentbedryf 'n onmiddellike verdeling beleef het as gevolg van rasse- en taalskeidings wat deur die apartheidswetgewing geïmplementeer is.

Vir die tydperk vanaf 1930 tot 1949 het 'n totaal van 18 Afrikaanse rolprente die lig gesien, ten spyte van uiters traumatiese en politieke gebeure wat Afrikaners moes verduur. Ander rolprente wat ook in hierdie tyd vervaardig is, sluit in: *Lig van 'n eeu, Newels oor Mont Aux Sources* (stilfilm) en *Ons staan nog 'n dag oor* in 1942; *Donker spore* in 1944; *Geboortegrond, Pinkie se erfenis, Die Skerpioen* en *Die Wildsboudjie* in 1946; Die Pantoffelregering en *Simon Beyers* in 1947; *Die kaskenades van Dokter Kwak* in 1948 en *Kom saam vanaand, Oom Piet se plaas* en *Sarie Marais* in 1949.

**Christa Steyn**

# Boekeresensie

Resensie: ***The rise & demise of the Afrikaners***
Outeur: **Hermann Giliomee**
Uitgewer: **Tafelberg**




**Die titel van hierdie boek laat 'n mens sommer regop sit – wie waag dit om oor die heengaan van die Afrikaner te skryf? Die skokwaarde van hierdie titel lok hopelik 'n klompie lesers nader, want Giliomee skryf inderdaad met gesag oor Afrikanersake. Dit was immers vir jare lank 'n fokuspunt van sy navorsing as akademikus aan die universiteite van Stellenbosch en Kaapstad.**

Die boek is 'n versameling van artikels wat Giliomee tussen 1983 en 2015 in verskeie akademiese en populêre publikasies die lig laat sien het. Dié publikasie bied dus 'n geheelbeeld oor Afrikaners se onlangse geskiedenis, in vier verteerbare afdelings verdeel. Die vyf hoofstukke in die eerste afdeling ondersoek die aanloop tot apartheid, die volgende ses in die tweede afdeling handel oor magsdeling, en die derde afdeling se drie hoofstukke verken die tema van magsverlies.

Die vierde afdeling bevat twee hoofstukke wat die huidige bestaanskrisis van die Afrikaner en sy taal ondersoek.

In die eerste hoofstuk pak Giliomee die kleurling-kwessie met kaal hande en wys op die problematiek van benamings en klassifikasies wat vir verskillende groepe verskillende betekenisse gehad het, soos dit vandag steeds dikwels die geval is. Hy vergelyk Suid-Afrika met die Amerikaanse Suide en voer aan dat demokratiese politiek in albei gevalle kultuur en ideologie bepaal het, eerder as andersom.

Die rol van die kerk in die Afrikaner se geskiedenis kom volgende onder die loep, met die verklaring van die NG Kerk dat die gevaar van assimilasie uit die weg geruim sal word as die inboorling die regte soort evangelisasie en die regte soort onderrig ontvang, wat as die kern van die apartheidsidee geïdentifiseer word.

Intellektuele en vooraanstaande denkers in Afrikanergeledere kom ook aan die woord, met veral NP van Wyk Louw se idees en voorstelle as kritiese, maar lojale Afrikaner wat aandag geniet. Sy gedagte van "oorlewing in geregtigheid" het heelwat debat ontlok en word ook in dié boek in detail bespreek. Volgens 'n analis wat Giliomee aanhaal, was dit die begin van die einde vir apartheid toe die denkers wat die NP en die NG Kerk ondersteun het, hul steun onttrek het.

Die hoofstuk oor die Afrikaner se ekonomiese opkoms is baie interessant. Sakeleiers soos Anton Rupert, Jannie Marais en WA Hofmeyr, en ondernemings soos Sanlam, Rembrandt en Volkskas word bespreek, met die klem op samewerking vir die groter doel om die hele volk op te hef en te bemagtig, eerder as om individuele gewin na te streef.

Die boek plaas rolspelers soos Vorster, Botha, Breytenbach, Slabbert, De Klerk, Mandela en 'n klomp ander, te veel om te noem, in die kollig.

In die hoofstuk wat oor die ontwykende soeke na vrede handel, verklaar Giliomee dat Noord-Ierland, Israel en Suid-Afrika ongelukkige lande is omdat een ding ontbreek: 'n regering verteenwoordigend van 'n verenigde burgery wat veilig lewe onder wetgewing wat deur almal, of byna almal, as legitiem beskou word. Sy redenasies in dié hoofstuk is werd om aan te herkou.

Die laaste hoofstuk, waarin hy oor die agteruitgang van Afrikaans veral as akademiese taal en oor Afrikaanssprekendes se rol in die voortlewing van die taal en kultuur praat, haal hy Pous Benedict XVI se woorde aan: "Mense kan hul identiteit verander, maar kan nie hul verantwoordelikheid ontduik nie."

*The rise & demise of the Afrikaners* bevat 'n magdom inligting wat elke faset van die Afrikaner se verhaal oor die afgelope eeu onder die vergrootglas plaas. Giliomee praat dikwels reguit en sonder omhaal oor kritiese kwessies soos Afrikaneridentiteit, toe én nou. Lees dié boek met 'n oop kop en gemoed, want die goed nagevorsde inhoud en vars, ingeligte perspektiewe het die potensiaal om jou met nuwe oë na die geskiedenis – en die toekoms – te laat kyk.

**Petronel Fourie**

# Oesjaar - Jannie du Toit

Hoewel Jannie du Toit se musiek nog nooit op 'n kommersiële gehoor gemik is nie, het dit die toets van die tyd tot so 'n mate deurstaan dat 'n mens jare nadat dit uitgereik is, nog steeds daarna kan luister.

Sy jongste CD, Oesjaar, is teen die einde van 2018 vrygestel, en vir 'n welkome verandering bevat dit weer niks anders as Jannie se eie komposisies nie. Die eerste snit op die album, "Vat die pad", is 'n moontlike treffer; hierin sing hy van die vreugdes van die langpad en dit maak 'n mens lus om self weg te breek. Die eerste enkelsnit vanaf die album is "Jy kyk sag", wat hy vir sy vrou, Therina, geskryf het. Enigiemand wat liedjies skryf, sal met die woorde van "Net een lied" kan identifiseer. "Ons soek 'n Tata", wat in Afrikaans en Engels voorkom, verwoord die soeke na 'n leier soos Nelson Mandela baie goed. Die groep Breathe, wat saam met Jannie sing, bestaan uit lede van die koor van die Universiteit van Johannesburg, onder leiding van Renette Bouwer. "Skilder van die wolke" is 'n lied tot eer van die Here. Die enigste snit op die album self wat nie splinternuut is nie, is "Sy genade is genoeg". Die musiek is in 1983 geskryf as temaliedjie van Jannie se musiekblyspel Loeloeraai. Hy het die woorde oorgeskryf en dra dit op ter nagedagtenis aan sy jarelange musiekvennoot Christa Steyn, wat in 2012 aan kanker oorlede is. Murray Lubbe sing saam met Jannie op "Lig en donker". Murray se pa, Andy, was in die 1970's saam met Jannie deel van die sanggroep Trilogie, en hy is deesdae direkteur van die Innibos-kunstefees in Nelspruit. "Koffiekafeetjie" word aan Badia Isaacs opgedra, 'n mens kan aanneem dit is 'n kelnerin wat hom gereeld bedien as hy koffie in Melville drink. Die lirieke van "Ons grootste gawes" laat 'n mens dink aan wat regtig in die lewe saakmaak, maar hy laat 'n mens ook lag deur te sê hoe belangrik knoffel in kos is. Die jazz-agtige ritme sal vir sekere mense 'n aangeleerde smaak wees. Die titelsnit sal veral by wynliefhebbers byval vind.

Jannie het besluit om ook 'n paar van sy ouer snitte in te sluit. Die eerste hiervan is seker sy grootste treffer, "Liedjie vir jou". Op hierdie opname sing hy dit saam met Karen Zoid; dit het op haar program Republiek van Zoid-Afrika voorgekom. "Drie-uur in die more" was die titelsnit van Jannie se tweede album; Andy Lubbe sing dit saam met hom. "Volgende winter" was die titelsnit van nog een van Jannie se albums, en een van sy groot treffers. "Ons twee" is reeds in 2001 geskryf, maar hierdie verwerking is in 2015 gedoen. Jannie het "Sonkant" ook in 2001 geskryf, maar dit is vir die eerste keer op 'n album ingesluit. Die laaste snit op die album is "We need a Tata", die Engelse weergawe van "Ons soek 'n Tata".

Jannie het weer eens met 'n uitstekende album vorendag gekom en dis sonder twyfel een van die bestes van die afgelope tyd. Jannie steur hom nie aan modegiere nie, en daarom sal 'n mens nog lank na hierdie album kan luister, lank nadat jy moeg geword het vir hedendaagse treffers.

**Daantjie Dinamiet**



# Du Toit en Gropp
## bederf kunsvrate met klankdis

"Leon, hou jy net soveel van kos soos ek?" vra Jannie du Toit so ewe vir sy mede-musikant, Leon Gropp, wat homself reeds aan die ander kant van die verhoog tuis gemaak het.

"Ja," antwoord Leon, voorheen lid van die instrumentale groep CH2, "maar die ironie van die saak is dat ek nie naby potte en panne toegelaat word nie," en hy voeg skertsend by: "Ek kry darem so nou en dan die geleentheid om 'n musikale nommertjie of twee op te dis."




Dit is juis as gevolg van die gedeelde liefde vir kos en musiek dat hiérdie twee smulpape, oftewel fynproewers, besluit het om 'n musikale dis, Smulpaap, op te tower. Hulle erken daarmee dat hulle lewensgenieters is – smulpape van musiek en taal. Jannie se gevestigde ensemble, wat uit Susan Mouton (tjello), Chanie Jonker (klavier) en Theuns Botha (tromme) bestaan, asook Leon se gereelde pianis, Marcel Dednam, het hulle op die verhoog bygestaan in die bediening van sielskos vir musiekliefhebbers.

Jannie het materiaal van sy nuwe album, *Oesjaar*, gesing, en onder meer nostalgies geraak oor sy jarelange medewerking saam met die oorlede klavierlegende, Christa Steyn. "Sy genade is genoeg" is die lied waarin hy hulde aan Christa bring, terwyl sy eerste enkelsnit van dieselfde album, "Ek kyk sag", 'n minnelied aan sy vrou, Therina, is. Leon het hoofsaaklik sy gedigtoonsettings van NP van Wyk Louw, wat onder andere insluit "Die Speelman", "By alle skone dinge" en "Daar is geen woord", aangebied. En nes Jannie, het Leon ook die liefde vir sy vrou in die vorm van 'n minnelied, "Jy in my gedagtes", verdig.

Die tweede deel van die vertoning het meestal uit vertolkings van bestaande kunstenaars soos Koos du Plessis, Lucas Maree, Jacques Brel en Leonard Cohen, se werk bestaan. Gropp het 'n meesleurende, akoestiese weergawe van Cohen se "Hallelujah" gelewer en Jannie het die gehoor met tydlose treffers soos Lucas Maree se "Victoriabaai" en Koos du Plessis se "Nagtrein" vermaak.

Die aand is op 'n hoë noot afgesluit toe Jannie en Leon 'n duet-weergawe van "Liedjie vir jou" gelewer het. Smulpaap, wat net vir een aand op 8 April by die Atterbury-teater in Pretoria aangebied is, was voorwaar kos vir die siel waaraan kunsliefhebbers heerlik gesmul het. f

**Christa Steyn**



Fotograaf: Jopie Koen

# Deur dik en dun:

Lekker kos en stories uit ou Pretoria

## Vanieljekolwyntjies

(omtrent 24)



Outeur: **Riana Mulder**
Uitgewer: **Die Erfenisstigting**




### Wat jy nodig het:

2½ k meelblom
2 k suiker
3 t bakpoeier
1 t sout
1 k melk
½ k olie
1 e vanielje
2 groot eiers
1 k water

### Hoe om te maak:

1. Sif die droë bestanddele saam, voeg suiker by.
2. Klits die melk, eiers, olie en vanielje saam.
3. Voeg die water geleidelik by en klits goed – dit sal 'n dun deeg wees.
4. Sit kolwyntjiebakkies in 'n muffinpan.
5. Gooi elke bakkie halfvol deeg.
6. Bak teen 180 °C tot gaar (toets met mes).

### Versiersel

ongeveer 1 k sagte botter
2 k versiersuiker (of meer as jy van 'n dikker versiering hou)
1 t vanielje
1 t gerasperde suurlemoenskil

1. Meng alles saam en versier kolwyntjies sodra dit ten volle afgekoel het.

# Hoogtepunte op jou kultuur-kalender

**24-27 April**
Karen Zoid Unplugged
@Atterbury-teater

**25 April**
Appel
@Blou Hond

**26 April**
Jo Black & Monique Steyn
@The Ridge Casino, eMalahleni (Witbank)

**28 April**
André Schwartz & Coenie de Villiers: Grensloos
@Atterbury-teater

**4 Mei**
Andries Vermeulen in Afrikaans
@Burgersentrum, Oudshoorn

**10 Mei**
Ou bekendes Min Shaw & Lance James
@Tarentaal-teater

**11 Mei**
Nataniël gesels
@Atterbury-teater

**12 Mei**
Joshua na die Reën - Moedersdagvertoning
@Blou Hond

**14 Mei**
Kombi-Nasie Sasolburg met Pietman en Wicus
@Etienne Rosseau-teater


**14 Mei**
Steve Hofmeyr: Songs of Neill Diamond
@Atterbury-teater

KLIK HIER om die volledige kultuurkalender te sien

tuiste. trots. toekoms.

## *Wat het verkeerd gegaan?*

*Dr. Rina Venter vertel:*




Dr. Rina Venter is die eerste en laaste Afrikanervrou wat voor 1994 in 'n Suid-Afrikaanse kabinet gedien het. As Minister van Gesondheid en Welsynsdienste onder mnr. F.W. de Klerk bevind sy haar in die politieke en maatskaplike binnekring tydens die oorgang van apartheid na demokrasie. Vyf en twintig en meer jare later is hierdie boek egter nie 'n gewone "skinder-en-vertel-verhaal" oor wat agter die skerms plaasgevind het nie.

Die boek is eksklusief by die FAK beskikbaar.
SMS boek, jou naam en van na 45730 (R1.50)
en staan 'n kans om 'n getekende kopie te wen.

B's & V's geld

012 301 1777 | fak@fak.org.za | www.fak.org.za | FAK | die.fak